**Hoërskool McLachlan**

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-940-2775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 04/11 2022

Geagte Ouers/Voogde

Hierdie nuusbrief is die voorlaaste van die kwartaal. Die laaste nuusbrief word op Woensdag, 14 Desember, uitgegee. Rapporte sal op Woensdag, 14 Desember, vanaf 08:00 tot 10:00 by die registeronderwysers beskikbaar wees.

1. **Bedankings:**
   - Spesiale dank aan die Bloeiselfees-, borgekomitee, SBL en personeel vir hulle harde werk voor en gedurende die Bloeiselfeesnaweek.
   - Riaan en Willet Strydom wat die verantwoordelikheid op hulle geneem het en die organisasie behartig het, en dit gratis vir die skool gedoen het - waardeer kan nie ons dankbaarheid beskryf nie, want sonder die fees kan ons nie McLachlan se deure oophou nie.
   - Namens die personeel van die skool wil ons vir die OOV van harte bedank vir die organisering en leiding wat hulle geneem het in die kosstalletjie. Baie dankie aan elke ouer wat 'n diensbeurt geneem het en sodoende bygedra het om van die stalletjie 'n groot sukses te maak. Ons waardeer julle harde werk.

2. **Algemene jaarvergadering: Donderdag, 10 November:**
   Ek herinner u aan die algemene jaarvergadering wat op Donderdag, 10 November, om 19:00 in die skoolsaal plaasvind. Dit is belangrik dat u hierdie vergadering moet bywoon omdat die begroting van 2023 dan goedgekeur word.

3. **Klerebanktye tydens eksamen:**
   Dinsdae en Donderdae: 12:30 tot 13:00

4. **Groepfoto's:**
   Alle leerders wat groepfoto's bestel het, het dit vandag ontvang. Indien daar 'n fout met u bestelling is, stuur die hele bestelling terug sodat dit reggestel kan word.

5. **VRL- en BK-opleidingskampe:**
   Na al die harde leer in die eksamen gaan ons nuutgekose leiers van die hoërskool en laerskool op 2 avontuurlike buitelugkampe om opgelei te word as ingeligte, voorbereide leerderleiers vir 2023. Die kampe vind vanaf Vrydag, 2 Desember, tot Sondag, 4 Desember, plaas.

   Die laerskool-BK gaan na die buitelugopleidingsentrum by Grootbrakrivier waar mnr. Abri de Swart, jarelange kenner van jeugleiers en hul opleiding, ons 10 bestuurskomiteelede onder hande

herotel

gaan neem. Mnr Abri is ‘n meester in die waarneming van jongmense se leierspotensiaal en om hulle selfvertroue te bou.

Die hoërskool-VRL en -UK gaan op ‘n kamp by Louterwater Landgoed onder leiding van mnr. Schlechter. Die 12 nuwe leerderleiers gaan meedoen aan ‘n hele rits uitdagings en inligtingsessies op ‘n ervaringleer-metode sodat hulle selfkennis, groepskennis, spanwerk en konflikhantering kan leer. Ons gaan ook baie pret hê en saam kuier om die kampvure. Ons beplan ook heelwat nuwe en kreatiewe idees vir 2023 op die kampe.

Ons glo dat hierdie jong leiers ‘n reusebydrae tot ons skool se etos, dissipline en gees gaan lewer in 2023.

6. **<u>ATKV-redenaars</u>:**

Die temas waaruit onderwerpe afgelei moet word vir 2023 is die volgende:

| | |
|---|---|
| Graad 1 tot 3: | Kleur ; Speel ; Klein |
| Graad 4 tot 5: | Flits ; Luister ; Klank |
| Graad 6 tot 7: | Tradisie, Reis ; Wedren |
| Graad 8 tot 9: | Kruispad ; Angel ; Hutsmerk |
| Graad 10 tot 12: | Inklusief ; Bemagtig ; Ideologie |

Begin solank dink en werk aan onderwerpe.

7. **<u>Wenners van die baba- en skoonheidskompetisies:</u>**

Baie geluk aan die volgende babas en kinders wat pryse ontvang het in die verskillende kategorieë:

| | |
|---|---|
| <u>0-11aande</u>: | 1. Luané Smith<br>2. Luke Aweries |
| <u>12-23 maande</u>: | 1. Chrisjan Heyns<br>2. Marli Rademeyer<br>3. Hanru Strydom |
| <u>24-35 maande</u>: | 1. Dian Pretorius<br>2. Leandré Pretorius<br>3. Andreas Strydom |
| <u>Mej. Appelliefie</u>: | 1. Iminathi Mtyaleka<br>2. Daniëlla van Vuuren<br>3. Athandile Jansen |
| <u>Mnr. Appelkosie:</u> | 1. Jan-Ulrik Mey<br>2. Gert Vorster<br>3. De la Rey Rademeyer |
| <u>Mej. Botseltjie:</u> | 1. Lika Vorster<br>2. Amy Labuschagne<br>3. Tamar Kapank |

8. **<u>Klerebanktye tydens eksamen:</u>**

Dinsdae en Donderdae: 12:30 tot 13:00

herotel

9. **Finansies:**

- Die laaste skoolfondsrekening vir 2022 sal die week van 14 November 2022 aan leerders gegee word. Ouers moet asseblief toesien dat hulle die rekenings by hulle kinders kry.

- Ons versoek ouers vriendelik, dog dringend, om teen 30 November 2022 alle uitstaande skoolfonds te vereffen. Die skool het finansiële verpligtinge wat in Desember 2022 nagekom moet word, en is afhanklik van ouers se bydrae tot die skoolfonds.

- Busgeld vir die vierde kwartaal op die McLachlanbus moet asseblief teen 8 November 2022 betaal wees, ten einde 'n plek op die bus te verseker.

- Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT of by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit, en die betalingsbewys na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za te stuur. Skoolfonds en ander betalings kan nog steeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.
  Ons merk dat daar heelwat ouers is wat agterstallig is met die betaling van skoolfonds. Die skool kan nie die deure oophou indien ouers nie hulle finansiële verpligtinge teenoor die skool nakom nie. Die leerders ontvang kwaliteit onderrig, dus is dit onregverdig dat betalende ouers, selfs onder moeilike finansiële omstandighede, leerders van ouers wat versuim om skoolfonds te betaal, moet subsidieer. Ons opregte dank aan ouers wat gereeld hulle finansiële verpligtinge teenoor die skool nakom.

| | | |
|---|---|---|
| Bankbesonderhede: | Bestuursliggaam HS McLachlan | |
| | ABSA Rekeningnommer: | 1970 430047 |
| | Tipe rekening: | Tjek |
| | Takkode: | 334415 |
| | Verwysing: | **Kind se naam + van** |

C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

herotel IGEN
McLachlan Internet Fasiliteit